# Hillcrest High School

Graad 8

## AFRIKAANS EAT V2

NOVEMBER 2023

**PUNTE:** 100

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Me. S Schoeman

**MODERATOR:** Mev. R Jordaan

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings :**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **LANGER SKRYFWERK** | **(30)** |
| **AFDELING B:** | **KORTER SKRYFWERK** | **(20)** |
| **AFDELING C:** | **GEDIGTE** | **(36)** |
| **AFDELING D:** | **FILMSTUDIE** | **(14)** |

3. **Kies EEN vraag om te beantwoord in AFDELING A.**

   **Beantwoord AL die vrae in AFDELING B, C EN D.**

4. **Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar met ‘n swart of blou pen.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

**STERKTE!!!**

**AFDELING A: LANGER SKRYFWERK**
Kies EEN van die volgende vrae. ÓF die Opstel ÓF die Vriendskaplike Brief.

**VRAAG 1: OPSTEL**

Skryf 'n kort opstel van <u>120 tot 150 woorde</u> oor jou besoek aan 'n dieretuin/wildtuin.
Jy moet 'n inleidingsparagraaf, liggaam en slotparagraaf hê

**(30)**




OF

**VRAAG 2: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy moet 'n brief van <u>120 tot 150 woorde</u> aan jou maat oor jou nuwe hoërskool skryf. Het jy die regte keuse van hoërskool gemaak? Vertel van jou nuwe vriende, onderwysers, senior leerlinge en die sport en/of kulturele aktiwiteite waaraan julle moet deelneem. Gee spesiale aandag aan jou formaat.

**(30)**





**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: KORTER SKRYFWERK**
Beantwoord die vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 3: WHATSAPP**

Jy is Nelda, en jy is senuweeagtig om môre vir Marnus te ontmoet. Stuur vir Esmarie 'n Whatsapp van <u>80-100 woorde</u>, waar jy vir haar vertel hoe jy voel, en haar vra om saam met jou na die ontmoeting te gaan.

**(20)**



**TOTAAL AFDELING B: 20**

**AFDELING C: GEDIGTE**
Beantwoord AL die die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 4: WANNEER DINGE SKEEFLOOP – Fanie Viljoen**
Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Wanneer dinge skeefloop** Fanie Viljoen

In die Humans se huis
loop dinge soms skeef.
Dis asof iemand anders
saam in hul ou huis leef.

Soms skuif ‘n portret
vanself onderstebo.
Of soms kraak ‘n vloer
dat jy jou ore nie glo.

Soms klap ‘n kamerdeur
vanself sommer toe.
Of soms sê ‘n spookstem
hier agter jou: “Boe!”

“Genoeg is genoeg!”
kla die Humans oplaas.
(Dit was die dag
toe die yskas opblaas.)

“Ons trek!” roep die Humans
en begin dadelik te pak.
Later daardie middag
staan die sleepwa gehaak.

“Wat nou?” vra die buurvrou
toe sy die pakkasie ontdek.
En die spook in die kas sê:
“Ma’ ka’ jy nie sien nie? Ons trek!”



4.1 Wie het dinge in die huis laat skeefloop? (1)

4.2 Wat was in die huis geskuif? (1)

4.3 Haal ‘n voorbeeld van ALLITERASIE aan in strofe 3. (1)

4.4 Noem EEN ding wat hulle in die huis gehoor het. (1)

4.5 Wat het gebeur nadat die yskas opgeblaas het? (1)

4.6 Pas die beskrywing in KOLOM B by die woord in KOLOM A. Skryf slegs die nommer en letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.6.1 "soms" | A herhaling |
| 4.6.2 kwatryn | B klanknabootsing |
| 4.6.3 "Boe!" | C rymskema |
| | D vier versreëls |

(3x1) (3)

4.7 Haal EEN WOORD aan wat sê watter tyd van die dag hulle gery het. (1)

4.8 Dit gaan help as die mense na 'n ander huis gaan.

Verduidelik in jou EIE WOORDE waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4.9 Hoe sou jy VOEL as daar 'n spook in jou huis gewooon het? (1)

4.10 Wat sou JY doen as jy 'n spook in iemand se huis was? (1)
**(12)**

**VRAAG 5: BESTE VRIENDE – Jaco Jacobs**
Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**BESTE VRIENDE** Jaco Jacobs


Jy het bloedrooihare
jy's lank soos 'n telefoonpaal.
Ek is kort en dra 'n bril,
en my hare is vaal.

Jy hou van hardloop;
ek hou van swem.
Ek praat nogal sag
en jy't 'n harde stem.

Jy skryf met jou regterhand
ek skryf met my linker.
My kamer is netjieser as joune,
en my skoolskoene is blinker.

Jy is goed in Wiskunde;
ek weer met musiek.
Ek hou van lees
en jy is dol oor fliek.

Jou gunstelingkos
is sosaties wat gebraai is;
terwyl ek mal oor pasta
of aartappelslaai is.



Ek staan soggens vroeg op;
jy slaap graag laat.
Jy is geduldig;
ek word gou kwaad.

Jy hou van bordspeletjies;
ek dink dis die toppunt van verveling.
Maar as dit nie vir hierdie dinge was nie,
was ons sowaar ‘n tweeling.

5.1 Hoe lyk die spreker se maat? Noem TWEE dinge. (2)

5.2 Van watter sport hou die spreker? (1)

5.3 Die maat hou daarvan om films te kyk.

Haal ‘n VERSREËL aan wat wys dat hierdie stelling WAAR is. (1)

5.4 Noem EEN ding wat die spreker van hou om te eet. (1)

5.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die nommer en letter as antwoord neer.

“jy slaap graag laat.” (r.22) is ‘n voorbeeld van …

A klanknabootsing.
B alliterasie.
C herhaling.
D assonansie. (1)

5.6 Kies elke keer die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die nommer en woord as antwoord neer.

Die 5.6.1 (spreker / maat) word gou kwaad, en die 5.6.2 (spreker / maat) is geduldig. (2)

5.7 Wat is die rymskema van hierdie gedig? (1)

5.8 Wie is die digter? (1)

5.9.1 Wanneer sê vriende gewoonlik is hulle ‘n “tweeling”? (1)

5.9.2 Kan die spreker en die vriend in hierdie opsig dan ‘n “tweeling” wees? Sê JA of NEE en gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

**(12)**

**VRAAG 6: SPUNKIE – Winnie Malan**

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Spunkie** Winnie Malan


Ons Spunkie is die fraaiste dier
en gee ons tog soveel plesier.
Sy vel is bont, sy pootjies wit,
sy stert is lank en swart soos git.

Hy jakker en hy gaan te keer.
'n Mens sou dink hy kan nie meer,
maar as jy weer kyk sit hy af
deur die gang op 'n stywe draf.

Hy hardloop in 'n wye kring,
en voor hy stop gee hy 'n spring -
dan rol hy om weer op sy rug
met al vier pote in die lug.

Sy ma sit so vir hom en loer
en as sy net haar stert durf roer
dan is die outjie tog te gek -
hy spring en vang dit in sy bek!

En so gaan dit die hele dag,
van soggens vroeg tot amper nag.
Wie dink jul nou is die klein platjie?
Ja, reggeraai – dit is ons katjie!



6.1 Spunkie maak die gesin gelukkig.

Haal 'n VERSREËL in strofe 1 aan wat wys dat hierdie stelling WAAR is. (1)

6.2 Watter kleur is Spunkie? Noem TWEE kleure. (2)

6.3 Haal 'n voorbeeld van 'n VERGELYKING aan in strofe 1. (1)

6.4 Kies die KORREKTE woord uit die woorde in blokkies om die sinne te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en woord as antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| slaap | moeg | speel | wakker |

Spunkie 6.4.1 … baie, en word nie 6.4.2 … nie. (2)

6.5 Waar hardloop Spunkie in strofe 2? (1)

6.6 Haal 'n voorbeeld van ASSONANSIE aan in strofe 3. (1)

6.7 Wat doen Spunkie met sy ma se stert in strofe 4? (1)

6.8 Haal 'n versreël in strofe 5 aan wat wys dat Spunkie nooit ophou speel nie. (1)

6.9 Wat is die rymskema van hierdie gedig? (1)

6.10 Sal JY so 'n katjie wil hê? Sê JA of NEE en verduidelik hoekom jy so sê. (1)

**(12)**

**TOTAAL AFDELIING C: 36**

**AFDELING D: FILMSTUDIE**
Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 7: AGENT 2000**

7.1 Wat is die naam van die hoërskool? (1)

7.2 As die Laksman nie gevang word nie, gaan die skool toemaak.

Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.3 Waar het die Laksman die TWEEDE slagoffer gelos? (1)

7.4 Pas die rol in KOLOM B by die naam in KOLOM A. Skryf slegs die nommer en korrekte letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.4.1 Mnr. von Brakel | A Voog onderwyseres |
| 7.4.2 Juf. Kieswetter | B Die Onderhoof |
| 7.4.3 Juf. Schutte | C Wiskunde onderwyseres |
| | D Die Hoof |

(3x1) (3)

7.5.1 Wat is Walter se sussies se name? (2)

7.5.2 Watter stoute ding het hulle saam met Walter gedoen? (1)

7.5.3 Wat was hulle straf? (1)

7.6.1 Wie was die Laksman? (1)

7.6.2 Hoekom was dit so ‘n groot skok? (1)

7.6.3 Dink jy dit was reg van hom om dit te doen? Sê JA of NEE en gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

7.7 Is hierdie fliek realisties? Sê JA of NEE en verduidelik hoekom jy so sê. (1)
**(14)**

**TOTAAL AFDELING D: 14**
**GROOTTOTAAL: 100**

